## NUUTVERKOSE RAAD VAN DIE SAVB

Vier nuwe lede — twee sakemanne en twee akademici — het onlangs tot die raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsleiding toegetree.

Tydens die algemene jaarvergadering op 28 April is mnr. C.J. (Boet) Joubert van die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie, prof. Heinz Prekel van die Skool vir Bedryfsleiding van die Universiteit van Suid-Afrika, en prof. Piet Steyn van UNISA se Departement Bedryfsekonomie as raadslede verkies. Mnr. John Treger, besturende direkteur van E.L. Bateman, is deur die raad gekoöpteer.

Mnr. Dirk Conradie is herkies as president, en prof. Siegfried Marx van die Universiteit van Pretoria se Nagraadse Bestuurskool as visepresident.

Die ander lede van die raad is prof. Japie Venter van UNISA se Skool vir Bedryfsleiding, mnr. Deon Glatthaar van Yskor, en mnr. C.J.J. (Lappies) Labuschaigne van Volkskas-Aksepbank.

## REPORT ON FREE MARKET SYSTEM "THINK TANK"

A stimulating "think tank" session on the Free Market System, arranged by the South African Association of Business Management, was held at the Rand Afrikaans University on May 9. The session, attended by 83 leaders from various sectors of the South African community, engendered lively discussion under the chairmanship of Dr S.P. du Toit Viljoen.

Dr Viljoen, president of the Free Market Foundation of Southern Africa and chairman of the Corporation for Economic Development, spoke on the future of free enterprise in Southern Africa, and said:

> "Southern Africa has today arrived at the crossroads, and whatever might have been the issues that have united or divided us in the past, the choice that confronts us today clearly lies between
>
> - the free enterprise economy, the open society and the democratic polity, on the one hand, and
> - the centrally administered economy, the monolithic society and the totalitarian polity, on the other."

After discussing the many obstacles in the way to achieving and maintaining a true and vital free enterprise economy in South Africa, he quoted the encouraging view expressed by Arthur Lewis, eminent Negro economist and former advisor to the Ghanaian government, that South Africa, because of its fortunate population mix, is the only African country likely to develop a sophisticated entrepreneurial economy.

The other speakers were the well-known industrialist Mr Fred Bamford, who spoke in the role of business in the promotion of capitalism in South Africa; and Dr I.J. Moolman who called for a thorough scientific study into "our economic confession of faith", since the free market system compared very poorly with its competitor, communism, in terms of research, publications and promotion.

At the close of the meeting the following resolutions were passed:

- that the "free market system" rather than "capitalism" be promoted
- that the black section of the population be approached warily in putting the idea across to them
- that the Free Market Foundation (Southern Africa) work out a plan of action in conjunction with the Association to activate existing interest groups to promote simultaneously the free market system in their own groups.

## EREDOKTORSGRAAD VIR PRESIDENT VAN SAVB

Die Universiteit van Suid-Afrika het op 19 Mei 'n eredoktorsgraad in die Handel aan mnr. Dirk Conradie, president van die SA Vereniging vir Bedryfsleiding, toegeken uit erkenning vir sy uitmuntende bydrae tot die ontwikkeling van doeltreffende bestuursopleiding in Suid-Afrika.

Dr Conradie, tans hoofbestuurder van Yskor-pensioenfonds, het 'n belangrike bydrae gelewer — en lewer dit steeds — as lid van die Raad van die Skool vir Bedryfsleiding van die Universiteit van Suid-Afrika. Meer as dit, hy was een van die persone by wie die idee van 'n sakeskool aan UNISA ontstaan het, en wat vasberade gepleit het vir die instelling van die Meestersgraad in Bedryfsleiding.

Hy beywer hom ook aktief vir groter samewerking tussen die ses bestuurskole in Suid-Afrika, om onnodige oorvleueling te voorkom, en die standaard van bestuursopleiding en -navorsing te bevorder. Hy het die hoofde van bestuurskole saamgebring in 'n komitee waarvan hy voorsitter is.

Hy het ook 'n groot bydrae gemaak tot die totstandkoming van die SAVB en van die tydskrif *Bedryfsleiding.*

Dr Conradie het 'n M.Com in Bedryfsekonomie van die Universiteit van Stellenbosch, 'n MBA van die Universiteit van Pretoria, en 'n LL.B aan UNISA behaal.